GROENKLOOF

AFTREE OORDE

Bewese rekord van:

- Gehalte versorging
- Lae, stabiele heffings
- Lae onderhoud boustyl
- Gelukkige inwoners

Gemoedsrus en waarde!

www.groenkloof.net

DIE GROENKLOOF-STORIE

Die eerste huis in 'n Groenkloof Aftree-oord is in 2004 in Groot Brakrivier voltooi. Vandag is ons trots op 'n totaal van drie aftree-oorde asook 'n senior landgoed sowel as 'n bewese rekord van kwaliteit bouwerk asook professionele en bekostigbare versorging.

Groenkloof bied die volgende voordele:

- Koop direk van die ontwikkelaar en wees so ten volle ingelig oor u belegging.
- 'n Lae onderhoud boustyl verseker lae en stabiele heffings.
- Professionele, bekostigbare en kwaliteit mediese versorging.
- Ligging in die pragtige Tuinroete en naby puik hospitale.

VERSORGING

Ons Groot Brakrivier-sorgeenheid bestaan uit 'n verswakte bejaarde eenheid met 22 beddens plus 'n sub-akute eenheid met 28 beddens. Korttermyn mediese nasorg en langtermyn bejaardesorg word aan inwoners en die breë publiek gelewer. Die sorgeenheid het 'n volledig toegeruste noodkamer, word 24 uur per dag beman deur 'n geregistreerde suster en mediese praktisyns is op 'n 24-uur bystand-basis beskikbaar.

In ons kliniek in Reebok word roetine ondersoeke gedoen, advies gegee en noodgevalle hanteer.

By George word in 2015 begin met die bou van 'n 69-bed sorgeenheid. Groenkloof George inwoners het egter reeds die voordeel dat hulle alle mediese dienste by ons Groot Brakrivier-sorgeenheid kan ontvang.

BYSTANDSWOONSTELLE

Bystandswoonstelle is beskikbaar in Groot Brakrivier en word ook vir George beplan. Hoofsaaklik verswakte bejaardes word in bystandswoonstelle gehuisves. Hierdie woonstelle is onder direkte toesig van die sorgeenheid. Hoewel ons poog om inwoners vir so lank as moontlik onafhanklik te laat funksioneer, is 24-uur mediese bystand, etes, tuisverpleging asook skoonmaak-, wasgoed- en tuindienste deurlopend beskikbaar. Bystandswoonstelle word op 'n lewensregbasis verkoop.

GROOT BRAKRIVIER

Ons eerste aftree-oord, volledig voltooi en in bedryf, is die perfekte aanklopplek om te sien hoe die Groenkloof-konsep werk. Hierdie oord behels 'n 50-bed sorgeenheid, 116 huise, 49 bystandswoonstelle en 'n restaurant-kompleks.

REEBOK

Hierdie oord front noord, bied 'n rustige, landelike atmosfeer, en is naby genoeg aan die see dat inwoners die koel seebries geniet. Die oord beskik oor 'n kliniek, 87 huise en 'n gemeenskapsentrum met 'n haarsalon, sitkamer en restaurant. Verder is die oord gekoppel aan die Groenkloof Groot Brakrivier-sorgeenheid vir uitgebreide mediese versorging.

Alle huise spog met sonverwarmingstelsels om elektrisiteit te bespaar.

GEORGE

Groenkloof George sal uiteindelik ons grootste aftree-oord wees, met 195 huise en 84 bystandswoonstelle. 1-, 2- en 3-slaapkamerhuise met pragtige noordelike uitsigte op die Outeniquaberge is beskikbaar. Die bystandswoonstelle word in die sorgeenheid-kompleks gehuisves, en wissel tussen sit/slaap- en eenslaapkamer-eenhede.

Die sorgeenheid en restaurant word in 2015 gebou. 'n Addisionele gemeenskapfasiliteit sal inwoners die geleentheid bied om hul stokperdjies te beoefen, terwyl 'n kiosk, teetuin en stoorplek ook hier beplan word.

Sonverwarming en reënwatertenks is standaard by elke huis, en bring 'n welkome besparing mee.

GROENKLOOF RIF SENIOR LANDGOED: GEORGE

Groenkloof Rif is 'n senior landgoed wat aan die inwoner 'n groter erf en huis bied. Erwe met pragtige noord-uitsigte op die Outeniquaberge is ongeveer 800m^2 groot, en geleë binne 'n sekuriteit-omheinde area met toegangsbeheer. Ons bied eienaars die opsie om self te bou of om 'n reeds voltooide huis te koop. Eienaars het vyf jaar grasie om te bou.

Groenkloof Rif is gekoppel aan die Groenkloof George Aftree-oord, en inwoners geniet verskeie gebruiksregte ten opsigte van die aftree-oord (in besonder toegangsreg tot die sorgeenheid).

LEWENSREG of VOLTITEL

Ons bied kopers die opsie van 'n voltitel huis of 'n huis op lewensreg-basis. 'Voltitel' beteken u besit die titel van die huis, soos in enige gewone woonbuurt buite die oord. Onder 'Lewensreg' verkry u die verblyfsreg van 'n spesifieke huis of bystandwoonstel tot kansellasie of afsterwe teen meer bekostigbare pryse.

Besoek ons aftree-oorde en sorgeenheid vir u gemoedsrus, en raadpleeg gerus die inwoners oor hulle ervaring van Groenkloof tydens u besoek.

GREEN ROUTE
PROPERTIES

Jan Pienaar: 082 808 1018
Louis Visagie: 082 373 5358
Kantore: 044 620 3624
Sorgeenheid: 044 620 4016
E-pos: info@groenkloof.net
Webblad: www.groenkloof.net

cinnabar creative studio 044 874 6262